

**17 Oktober**

**Skrifgedeelte: Psalm 19:1-15**

**Fokusgedeelte: Psalm 19:2, 8 en 15**

**“Die Here is God!”**

Dag en nag roep die hemel dit uit: “Die Here is God.” Elkeen wat die son op sy daaglikse reis volg, kan dit hoor. Ja, al is hierdie uitroep 'n woordelose uitroep, is dit bedoel vir mense soos ons. Die son sou tog niks anders kon doen as om 'n getuie vir die Here te wees nie. Die Here is mos sy Skepper!

Die hele skepping weet eerstehands hoe groot God in sy almag en goddelikheid is. Dit is nie 'n geheim nie, ons behoort dit ook te weet. God gebruik hierdie getuie, die skepping, om my aan Homself voor te stel.

Maar God praat nog duideliker. In sy Woord sê Hy presies wie Hy is en wat Hy doen. In sy Woord ontmoet ons dié Woord wat mens geword het: Jesus Christus. Jesus, wat ook vir my roep en sê: “Kom na My en leer van My.” Hyself word die getuie wat my van Homself leer. Ons weet dat waar mense na die Woord luister, daar word getuig en daar werk die Heilige Gees.

As die Here teenoor ons getuig en ons leer, dan maak Hy ons ook sy getuies.

God getuig deur sy skepping, God getuig deur sy Woord en God getuig deur die mense wat sy Naam bely. Dit bring ons op ons knieë en saam met die Psalm bid ons: “Mag my woorde soos die onhoorbare woorde van die skepping en die hoorbare woorde van die Skepper, Hom verheerlik.”

*Sing Psalm 19:7 (Totius)*

*Ds D van 't Zand (Witpoortjie)*